JERIGO MURE GEBEDSGIDS – MEI 2009

Vrydag 1 Mei 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die inhuldiging van alle nuwe parlementslede sonder versuim sal plaasvind en dat God Homself op 'n bonatuurlike manier aan hulle sal openbaar, sodat hulle Christus bo alles sal kies. Bid vir die aanstelling van mense in leiersposisies op beide nasionale en streeksvlak, dat God ons genadig sal wees deur mans en vroue te gee wat met integriteit leef.

Gebedsfokus op arbeid: Werkersdag

In baie lande regoor die wêreld dink mense op *Meidag* aan die bydrae wat werkers in die samelewing lewer. (Sommige lande vier nie hierdie vakansiedag nie omdat dit 'n kommunistiese oorsprong het.) Dit is tradisioneel 'n dag waarop daar teen lae lone en swak werksomstandighede geprotesteer word. (Webruimte: http://africanhistory.about.com/library/bl/blsaholidays.htm). Bid asseblief vir God se genade oor ons nasie vandag. Roep tot Hom vir 'n openbaring van Sy heiligheid. Vra dat talle sal besef dat hulle God nodig het. Bid vir vrede in ons land en dat daar tydens die viering vandag geen lewensverlies sal wees nie.

Saterdag 2 Mei 2009

Gebedsfokus op 2009-verkiesing: Dank die Here vir al die gebede rakende die verkiesing en ons land wat Hy die afgelope paar maande beantwoord het. Dank Hom en prys Sy Naam vir elke siel wat gered is, vir elke hart wat aangeraak is en vir Sy seën. Dank die Here dat Hy ons nie volgens ons sondes, oortredings en ongeregtighede beloon nie. Dank die Here wat ons staande hou en wat ons optel as ons val.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Gedurende die afgelope twee jaar is uitstekende videomateriaal wat die verhaal van die wêreldwye 24-7 gebed vertel, in baie tale wêreldwyd versprei. Die reaksie ten opsigte van terugvoer, aanmoediging en nuwe gebedswake wat gestig word, is baie spesiaal. Hou asseblief aan bid dat hierdie videomateriaal in meer tale regoor die wêreld gedupliseer en versprei sal word. Vra dat baie Christene daardeur bemoedig sal word en vir deurbrake in hulle eie gemeenskappe sal begin bid.

Sondag 3 Mei 2009

Memoriseer
Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind, [geniet] die beskerming van die Almagtige (**Ps.91:1**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … want God verlos hulle wat Hom liefhet.

Julle het die Here lief; haat dan wat sleg is! Hy bewaar die lewe van Sy troue dienaars, Hy red hulle uit die greep van die goddelose (**Ps.97:10**).

Kyk rondom jou: Die duiwel kry dit reg om so baie Christene so baie leuens te laat glo! As ons maar net weet en werklik glo wat die Woord sê! As 'n mens God waarlik met jou hele hart liefhet, sal jy nie hoef te probeer om nie verkeerde dinge te doen en uit die moeilikheid te bly nie. Ons sal so besig wees om maniere te soek om God te behaag en vir Hom te wys hoe lief ons Hom het, dat ons nie nog tyd sal oorhê om die verkeerde dinge te probeer vermy nie! Die probleem met sonde is dat dit so aanloklik voorgestel word. As ons ons egter eers daarop toelê om God lief te hê, sal ons die bose regtig begin haat. Ons wil dan nie dinge doen wat verkeerd is nie, omdat ons weet dat ons God nie daardeur sal behaag nie. God is baie duidelik hieromtrent. Hy sal hulle wat Hom liefhet, verlos uit die mag van die bose. Dit wil nie sê dat die bose jou nooit sal pla nie – God beloof egter om jou te verlos uit die hand van die bose. So eenvoudig is dit, maar jy moet God liefhê en die bose haat.

Kyk na binne: Sukkel jy om die regte keuses te maak? Is dit moeilik om versoeking te weerstaan? Meeste Christene worstel hiermee. Tog kan ons vir God vra om ons te help deur ons denke heeltemal te verander en op 'n nuwe manier op Sy beloftes te vertrou.

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek U volgens my eie gedagtes beoordeel en dat ek nie die bevrydende waarhede uit U Woord ken nie. Vernuwe asseblief my denke. Gee my 'n honger en dors om U heelhartig te ken, lief te hê en te volg.

Maandag 4 Mei 2009

Gebedsfokus op verlossing: Skoonmakers

Duisende Suid-Afrikaners word in diens geneem deur skoonmaakdienste as huishulpe, industriële en munisipale werkers, hotelskoonmakers, en so meer. Dit is nie 'n goed besoldigde werk nie, maar speel 'n belangrike rol in die handhawing van basiese higiëne en 'n gesonde omgewing. Bid dat God Homself aan skoonmakers sal openbaar. Vra dat hulle getrou sal werk en werk van hoogstaande gehalte sal lewer. Bid ook dat Christenskoonmakers teenoor ander skoonmakers en selfs hul werkgewers van Jesus se liefde sal getuig. Bid ook dat werkers regverdig besoldig sal word.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Bid steeds vir die vertaling van videomateriaal oor 24-7 gebed in baie meer tale van die wêreld. Vra dat God die harte van kerk-, besigheids-, politieke en ander leiers sal aanvuur met hoop om mense in hulle invloedsfeer aan te moedig om te begin bid vir deurbrake en verandering in moeilike omstandighede.

Dinsdag 5 Mei 2009

Gebedsfokus op mans: Herstel vir God se doel

Ongeveer 27,5% van die 834 Suid-Afrikaanse deelnemers aan 'n studie het erken dat hulle hulle vrouens, meisies of intieme maats fisies mishandel. Mans wat in hulle kindertyd geweld tussen hulle ouers aanskou het, het ongeveer vier keer meer die neiging getoon om gewelddadig teenoor hulle huidige maat te wees as mans wat nie as kinders geweld aanskou het nie. Mans wat hulle vrouens verlaat het, geskei is of wewenaars is, het drie keer meer die neiging getoon om geweld teen hulle huidige maat te gebruik as getroude mans. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20080916053830964C429112&newslett=1&em=177813a1a20080916ah). Kom ons roep tot God om die mans in ons nasie te genees en te herstel tot hulle regmatige posisie as leier, vertrooster en beskermer van hulle gesinne en hulle land. Sit hierdie week spesiaal tyd opsy om te bid vir mans wat jy weet of vermoed op enige manier gewelddadig optree.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Spesiale beeldmateriaal van weeskinders in 'n arm gebied in Indië wat tot God geroep het, het die harte van oud en jonk regoor die wêreld aangegryp. Hierdie verhaal van weeskinders wat van die strate af geneem, versorg en in gebedskofte ingedeel is om vir ander behoeftiges te bid, het baie Gelowiges aangemoedig om kinders by hulle gebedspogings te betrek. Vra die Here dat hierdie materiaal in selfs nog meer tale vertaal, gekopieer en versprei sal word, sodat Christene regoor die wêreld kinders sal aanmoedig en hulle sal leer om te bid.

Woensdag 6 Mei 2009

Gebedsfokus op die Woord: *Andrew Murray Sentrum*

Die *Andrew Murray Sentrum* in Wellington benodig vrywillige Bybelstudieleiers om te voorsien in die vraag na leiers van klein weeklikse Bybelstudiegroepbyeenkomste in die elf Bolandse tronke in die Wes-Kaap, waar hulle geopende deure vir 'n bediening het. Hulle sal in klein spanne werk. Hulle moet 'n hart vir God hê en 'n groot passie om die evangelie met ander te deel - om ander te nooi om Christus aan te neem en om in 'n persoonlike verhouding met Jesus as Here te groei. (David Bliss, direkteur, *A.M. Sentrum*, Wellington. Tel.: 021 873 4380 of sel: 072 728 7963. E-pos: bliss.david.deborah@gmail.com).

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Die probleme wat ons land tans op beide politieke en sosiale gebied ondervind, het gelei tot die opstel van gebedsmateriaal om Christene te help om effektief oor moeilike kwessies te bid. Hierdie materiaal word tans in verskeie amptelike tale vertaal, maar is ook vir Christene in ander lande van waarde. Dieselfde kwessies staar

hulle daar in die gesig. Bid asseblief vir fondse om meer van hierdie materiaal in ons land te druk en te versprei as gebedsmateriaal vir duisende Gelowiges wat God wil aanroep om die situasie in Suid-Afrika te verander.

Donderdag 7 Mei 2009

Gebedsfokus op tradisionele genesers: Meer word gedood

Kapmesbendes in Suid-Afrika vermink jong mense om liggaamsdele aan die tradisionele medisynemark te verskaf. Na raming word ten minste 300 mense elke jaar vir dié muti-medisyne doodgemaak. Die polisie is oortuig dat tradisionele genesers agter die moorde sit. Liggaamsdele word aan pasiënte voorgeskryf en mans gehuur om die liggaamsdele te gaan vind. (Webruimte: http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/southafrica/3214859/Machete-gangs-bring-fear-to-South-Africa-as-they-carry-out-mutilations-for-traditional-medicine.html). Roep tot God vir 'n drastiese ingryping, dat Hy Homself veral aan toordokters en tradisionele genesers sal openbaar. Ook om Jesus Christus as die enigste weg, die waarheid en die lewe te openbaar aan so baie ongeredde, oningeligte arm mense wat hierdie tradisionele medisyne gebruik omdat hulle glo dat dit hulle voorspoedig sal maak.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* & 24-7 gebed

Dra elke gemeente, elke geestelike leier en elke Gelowige in ons land en in die wêreld in gebed aan God op. Vra dat God 'n diep honger en dors in elke hart sal skep om gereeld Sy aangesig te soek en na Sy stem te luister, om op te hou om kompromieë in die alledaagse lewe aan te gaan en om met vrymoedigheid teenoor ander, veral die ongereddes, oor God se goedheid te getuig.

Vrydag 8 Mei 2009

Gebedsfokus op misdaad: SMS-wenk inisiatief

Die *Crime Line*-inisiatief het in Junie 2007 begin. Dit werk onafhanklik en anoniem en is daarop gerig om misdadigers uit die strate te kry. Die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)* onderskryf hierdie projek. As iemand vermoed dat iemand anders (selfs familie of vriende) by misdaad betrokke is, kan hulle dit nou anoniem aanmeld. Daar sal op enige inligting oor misdadigers gereageer word wat aan die *Crime Line* verskaf word – ongeag of die oortreders moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede, kindermolesteerders ensovoorts is. (Webruimte: www.crimeline.co.za). Mense kan 'n SMS na 32211 stuur of webruimte: www.crimeline.co.za besoek, wat hulle in staat sal stel om anoniem wenke in te stuur wat verband hou met enige misdaad of verdagte aktiwiteit. Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie in antwoord op baie gebede oor die jare! Bid dat mense hiervan bewus sal word en dat misdadigers vir hulle dade tereg sal staan.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Talle gebedswake is die afgelope agt jaar in byna al die lande van die wêreld gestig. Baie kry egter swaar as gevolg van vervolging, verdeeldheid, gebrek aan fondse of moeilike omstandighede by hul gemeente of by die huis. Bid asseblief dat God almal wat by 'n gebedshuis betrokke is, sal bemoedig om dag en nag vas te staan in gebed. Vra dat hulle vandag deurbrake sal ervaar ten opsigte van voorsiening in hulle behoeftes, mense wat by hulle aansluit, en vir guns by leiers en die gemeenskap. Vra dat elke 24-7 gebedsinisiatief vandag 'n vars uitstorting van God se Heilige Gees sal ontvang.

Saterdag 9 Mei 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Swak infeksiebeheer skep risiko vir gesondheidswerkers

Werkers by gesondheidsfasiliteite doen toenemend infeksies soos tuberkulose (TB) en veelvuldige middele-weerstandige tuberkulose (MDR-TB) op namate hulle met geïnfekteerde pasiënte in aanraking kom. Verpleegsters, busbestuurders, wasserywerkers en kombuiswerkers word met tuberkulose of MDR-TB besmet, met aangemelde sterfgevalle. (Webruimte: http://www.health-e.org.za/news/article.php?uid=20032010&PHPSESSID=b1994508d9e0d3726f6f7622792f64a2). Moet nooit ophou bid vir die veiligheid van mediese personeel regoor ons land wat na siek mense omsien nie. Bid dat meer Christene hospitale, klinieke en so meer sal besoek en die siek mense en die mediese personeel sal bedien, en God vir bonatuurlike ingrype sal vertrou.

Gebedsfokus op die Evangelie: *Flowers in the Desert*
Flowers in the Desert is 'n nuwe 90 minute-film wat op die oomblik deur *Arab World Ministries* en *Open Doors* in die Arabiese Skiereiland vir Moslems vervaardig word. Dit vertel die ware verhaal van Moslems wat tot geloof in Christus gekom het. Bid vir die filmspan, vir die voorbereiding van die stel, vir diegene wat hulle stories vertel en vir die finale redigering van die film. Bid vir God se guns op hierdie projek en dat baie lewens as gevolg hiervan na Sy koninkryk oorgebring sal word. (*Geopende Deure*. Tel.: 011 888 9341, faks: 011 888 9362. Webruimte: www.opendoors.org.za of e-pos: jozuae@od.org).

Kinders wat bid: Bid met jou liggaam

Het jy geweet dat jy Jesus kan aanbid met jou liggaam sowel as met jou hart en jou gees? Jesus het vir jou jou liggaam gegee en Hy hou daarvan as jy Hom ook met jou liggaam aanbid. Daar is baie verskillende posisies wat jy in gebed kan inneem en die Bybel is vol daarvan! Elke een daarvan is 'n manier om vir Jesus te wys wat in jou hart is deur bv. dit fisies voor te stel. Die volgende is slegs wenke en inligting oor hoe mense in die Bybel soms gemaak het wanneer hulle bid.

Maandag: Kniel is 'n manier om vir Jesus te wys jy kom in Sy teenwoordigheid in en jy aanvaar dat Hy jou gebed sal antwoord soos dit die beste vir jou is. Dit is 'n fisiese manier om jou voor Jesus te verneder. *Jy kan kniel as jy 'n groot gebedsversoek het wat jy na die Here toe wil bring. Maar jy kan ook altyd kniel om jou respek vir Hom te wys!*
Dinsdag: Staan wys dat jy op Hom wag om vir jou te sê wat om te doen. Jy neem jou posisie voor Hom in gebed in en wag op Hom. *Jy kan vir Hom raad vra oor 'n probleem waarmee jy worstel en dan wag om te hoor wat Hy vir jou wil sê.*
Woensdag: Hande ophef wys vir Jesus dat jy na Hom toe uitreik in aanbidding om Hom te verheerlik, of om vir Hom iets te vra met jou arms wyd oop om dit te ontvang. *Jy kan 'n lied wat jy ken vir Hom sing om vir Hom te sê hoe lief jy Hom het.*
Donderdag: Loop wys vir Jesus dat jy gereed is vir Sy leiding of planne. *Jy kan bv. vir die skool bid elke keer as jy by die skoolhek instap.*
Vrydag: Buig wys vir Jesus dat jy Hom wil eer en dat jy nederig voel omdat Hy so wonderlik en magtig is en in jou behoeftes voorsien. *Jy kan dit doen wanneer jy vir Jesus dankie wil sê omdat Hy een van jou gebedsversoeke beantwoord het.*
Naweek: Plat op jou gesig wys vir Jesus dat Hy so wonderlik is en dat jy oorweldig is deur Sy liefde vir jou. Elke keer wanneer iemand oorweldig was deur die teenwoordigheid van Jesus het hulle op hulle gesigte geval. *Jy kan dit doen nadat jy jou stiltetyd of gebedstyd gehad het. As jy lê hoef jy niks anders te doen as om aan Jesus se grootheid in jou lewe te dink nie.*

Sondag 10 Mei 2009

Memoriseer
Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop (**Hab.3:19**).

Identiteit: Geskep om lief te hê ... Want God is genadig teenoor hulle wat Sy Naam liefhet.
Sien my in genade aan soos U altyd doen vir dié wat U Naam liefhet (**Ps.119:132**).

Kyk rondom jou: Wat beteken dit werklik om God se Naam lief te hê? Die wêreld om ons het geen respek vir God se Naam nie. Nie in films nie, nie in boeke, tydskrifte of in alledaagse gesprekke nie. Selfs Christene gebruik soms God se Naam ydellik. As jy dit aan hulle sou uitwys, sal hulle dit afmaak as niks ernstigs nie.

Tog is dit net deur God se Naam aan te roep dat mense gered kan word. Die enigste weg na vergifnis, verlossing, genesing ensovoorts, is deur die aanroep van die Naam bo alle Name, Jesus Christus die Seun

van God. Daar stroom elke dag duisende Moslems, Hindoes, Boeddhiste en ander mense na God se koninkryk, slegs as gevolg van die Naam van Jesus Christus die Seun van God. Hoe en wanneer het dit gebeur dat ons so "modern" geraak het dat om God se Naam te eer en te respekteer nie op ons van toepassing is soos dit op ons ouers en hulle ouers van toepassing was nie? God was en is en sal altyd ernstig oor die gebruik van Sy Naam wees. Om Hom te eer, is die sleutel tot ewige lewe.

Kyk na binne: Het jy al gedink oor die waarde van die Naam van God in die koninkryk van lig en duisternis? Die hele hemelse leërskare en die aarde bewe wanneer Sy Naam genoem word deur hulle wat Hom werklik liefhet en dien. Dit is dus nie bloot die noem van Sy Naam nie, maar die liefde en gehoorsaamheid van diegene wat Sy Naam uitroep, dat Hy Sy gesag bekendmaak.

Kyk na God: Vader God, leer my om U Naam te eerbiedig, om U Naam lief te hê en om U Naam te eer soos U dit wil hê. Herstel in my en in elke Gelowige die volle begrip en betekenis daarvan om U Naam te vrees.

Maandag 11 Mei 2009

Gebedsfokus op redding: Matrose

'n Hele aantal Suid-Afrikaners het 'n voltydse werk op vrag- en passasierskepe wat om die wêreld vaar. Hier word hulle dikwels met boosheid en obskure lewenswyses gekonfronteer en leef in 'n vasgekeerde omgewing. Hulle kan feitlik enigiets in 'n vreemde hawe doen sonder dat enigiemand daarvan weet, in die besonder hulle gesinne by die huis. Bid vir die redding van matrose en almal wat op vrag- en passasierskepe werk. Vra dat God in hulle alledaagse lewe sal ingryp en hulle sal konfronteer met 'n diepe begrip van Sy liefde vir hulle. Vra vir guns vir die Christene onder hulle om hulle na die Here te lei.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Bid vir die voorbereidings vir die *Wêrelddag van Gebed* op 31 Mei. Vra dat miljoene Gelowiges sal gereedmaak om deel te neem aan die gebed en vas vir die *10 Dae* van dag en nag gebed voor die *Wêreldbiddag*. Bid dat baie mense toegang tot die gebedsmateriaal vir die *10 Dae* in hulle eie taal sal kry.

Dinsdag 12 Mei 2009

Gebedsfokus op middele-misbruik: SA kinders verslaaf aan alkohol

Kinders wat reeds teen graad 7 alkohol gebruik, het 'n groter kans om akademiese probleme in die hoërskool te ondervind. Diegene wat vroeg begin drink het, kan in hulle vroeë volwasse jare sukkel om werk te kry, of kan ander middels misbruik of gewelddadige of kriminele gedrag toon. (Alkohol- en dwelmmisbruik hulplyn: 0800121314 of stuur 'n SMS na 32312. Webruimte: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?art_id=nw20080625103538387C243340&newslett=0). Bid dat Christenouers en -onderwysers gereeld sal bid vir deurbrake by skole in hulle omgewings en sal volhard totdat die situasie verander het.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* & 24-7 gebed

Vra dat gemeentes in al die nasies die belangrikheid van gebed as deel van 'n gesonde kerklike lewe en vir sukses met plaaslike en oorsese uitreike sal insien. Bid dat God persone met 'n sterk visie en 'n hart vir gebed na vore sal laat kom om leiding te neem in die implementering van uitgebreide en gereelde gebedstye in hulle gemeentes.

Woensdag 13 Mei 2009

Gebedsfokus op indiensneming: 22 000 rekenmeesters benodig

Volgens 'n verslag deur die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR)* benodig Suid-Afrika se finansiële bestuur- en ouditeringsektor minstens 22 000 gekwalifiseerde rekenmeesters. Nuwe innames vir opleiding as rekenmeesters word beperk tot persone met Graad 12 en 'n spesiale belangstelling in wiskunde. In 2006 het 'n skamele 25 217 leerders (6,8% van alle wiskundekandidate) wiskunde op hoërgraad geslaag. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/1278220.htm). Kom ons bid vir hierdie situasie, dat

leerders meer toegewyd sal wees aan hulle studies en dat diegene wat deur God daarvoor bestem is, dit as 'n loopbaan sal oorweeg.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Bid dat 'n gebedsontwaking onder jongmense van elke nasie in die wêreld sal ontstaan. Vra dat jongmense wat radikaal gered is, hulle portuurgroep sal nooi en motiveer om dag en nag tot God te roep vir deurbrake vir ander. Bid dat gebedsliteratuur en getuienisse oor gebed jongmense oral oor sal bereik.

Donderdag 14 Mei 2009
Voorkombare siekte kos lewens
Terwyl MIV en tuberkulose elke dag die hoofopskrifte haal, sterf duisende stilweg aan leefstylsiektes, waarvan baie voorkom kan word indien dit vroegtydig gediagnoseer en behandel word. Na raming ly meer as 500 uit 'n miljoen mense per jaar aan finale fase niersiekte. Dit beteken ongeveer 20 000 Suid-Afrikaners per jaar. (Webruimte: http://www.health-e.org.za/news/article.php?uid=20032082&PHPSESSID=01b471d92f35c4935a90ce34be27ede7). Laat ons nie moeg word om namens die armes, die behoeftiges en die siekes tot God te roep nie. Vra dat die Here baie van hierdie mense se harte na Hom toe sal draai. Bid ook dat die epidemie van MIV/VIGS en tuberkulose in ons land tot 'n einde sal kom.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Bid vir die vestiging van 24-7 gebedsgroepe in skole en tersiêre instellings in elke nasie. Vra dat ouers op 'n gereelde basis tye van gebed by hierdie instellings sal begin. Vra dat hulle guns by die owerhede sal geniet en permanente gebedskamers op persele mag inrig.

Vrydag 15 Mei 2009
Gesinsfokus: Oumense ontneem van hul pensioen
Oumense word sleg behandel en fisies aangerand deur hul eie gesinslede in pogings om hulle staatspensioen te bekom. Dit word gewoonlik gedoen deur kinders of kleinkinders wat geld nodig het vir dwelms of skuld. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20081013113106666C806116&newslett=1&em=177813a6a20081013ah). Bid asseblief vir oumense in ons land. Vra vir genade jeens hulle in die harte van hul kinders en kleinkinders. Bid ook vir ware rekonsiliasie in hierdie verhoudinge en volkome herstel in vertroue wat geskaad is.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Die *Jerusalem House of Prayer* het ontsaglik baie werk gedoen om gebedsbewustheid in baie lande te skep. Bid dat hulle pogings nog meer vrugte sal afwerp, dat baie nasies gebedshuise sal begin as gevolg van hulle getuienis en dat God sterk leiers sal toevoeg om hierdie gebedswerk in Jerusalem te bevorder.

Saterdag 16 Mei 2009
Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Vra vir hulle veiligheid, vir krag en gesondheid. Bid ook dat God in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Bid vir die druk en verspreiding van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* Vra vir guns en voorsiening vir die publisering en vertaling van gebedsmateriaal om mense aan te moedig om in hulle gebedslewe te groei. Hou aan bid vir fondse vir hierdie projekte en dat meer individue persoonlik by gebedsaktiwiteite betrokke sal raak. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Bid die beloftes vir Israel: God sal Jerusalem oprig tot lof op die aarde
God wil hê dat daar vrede in Jerusalem moet heers, dat daar vrede binne sy mure en veiligheid in sy wonings sal wees ter wille van hulle wat daar bly en ter wille van die huis van die Here (**Ps.122:6-9**). Dit is om hierdie rede dat Jesaja in **Jesaja 62:1-2, 6-7** sê: *Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie … Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan Sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie …*
*Here, U het my geroep om saam met Jesus te bid. Maak die geheimenis van U beloftes en U hart teenoor Israel aan my bekend en leer my hoe om te bid. Ons wil, soos Jesus (**Joh.17**), U verheerlik met gehoorsaamheid deur onophoudelik in te tree vir Jerusalem en die nasies. Mag alle nasies verlossing vind deur die dood en opstanding van Jesus Christus op Golgota. Plaas wagters op haar mure wat dag en nag tot U sal roep, wagters wat U beloftes ken, sodat hulle U daaraan kan herinner.*

ARTIKEL: *Wêrelddag van Gebed 2009*

Broers en Susters in Christus

Die Wêrelddag van Gebed het tot gevolg gehad dat miljoene Christene verenig het in 'n dag van verootmoediging en verenigde gebed. Op 11 Mei 2008 het Gelowiges van 215 lande weer eens oral oor die wêreld in gebed verenig. Desperate gebede vir transformasie het vanuit stadions, oop velde, gemeenskapsentra en privaat huise weerklink. Hierdie gebede aktiveer God se krag om ons wêreld te hervorm en lande te vul met die heerlikheid van God.

Op 31 Mei 2009 roep God weer die nasies van die Noorde, die Suide, die Ooste en die Weste om op te trek op hierdie gebedsreis saam met Hom. God is besig om in Sy oorweldigende krag te beweeg en Hy daag ons uit om deel te wees van hierdie reis. Dit is 'n reis wat nie oor ons gaan nie, maar oor 'n wêreld wat 'n dringende behoefte het aan God se heerlikheid en innige liefde. Dit is 'n oproep om te reageer op Sy uitnodiging in **2 Kronieke 7:14**, berou te toon en te bid, na Sy wil te vra en weg te draai van ons bose weë. Mag Hy ons gebede hoor, ons sonde vergewe en ons land genees.

TIEN wat lei tot EEN gevolg deur NEGENTIG
Die Wêrelddag van Gebed-aksie bestaan uit die drie dele n.a.v. die voorbeeld van die eerste Christelike Kerk: *10 Dae* van deurlopende gebed wat gelei het tot op Pinksterdag, een dag van gebed wat deur die hele stad gehou is en *90 Dae van Seën* wat daarop gevolg het. Die *Wêrelddag van Gebed* wil die voorbeeld navolg en bestaan dus uit:

- ***10 Dae*** van ononderbroke gebed: 21-30 Mei 2009. Dit begin op Hemelvaartdag, die 21ste Mei, waartydens miljoene Christene tien dae lank dag en nag gaan bid tot op Pinksterdag.
- Die ***Wêrelddag van Gebed****:* 31 Mei 2009. Op Pinkstersondag, sal Christene in byna elke land saamkom om te bid. Baie sal byeen kom in klein groepies in huise. Ander sal in groot stadions en ander openbare plekke bymekaar kom.
- ***90 Dae van Seën****:* 1 Junie – 29 Augustus 2009. Soos gedurende die eerste Pinkstertyd, sal veranderde Christene hulle gemeenskappe onvermydelik impakteer en transformeer wanneer hulle hulleself aan God gee as instrumente waardeur hulle eie gebede beantwoord kan word. Deur die *Wêrelddag van Gebed* sien ons uit na die totstandkoming en bevordering van groter eenheid tussen kerkleiers, kerke, sendingorganisasies en sakeleiers om praktiese transformasie in hulle gemeenskappe teweeg te bring.

Ek nooi jou nederig uit om saam met honderde miljoene Christene te kom om saam God se aangesig te soek en te vertrou dat mense uit die 220 lande van die wêreld sal sien hoe gewillige Gelowiges in die bres staan vir nasies.

Mag ons Sy heerlikheid aanskou.

Graham Power,
Voorsitter, *Wêrelddag van Gebed*

Besoek asseblief *Die Wêrelddag van Gebed* webruimte www.globaldayofprayer.com vir vertalings wat in ander tale beskikbaar mag wees, of kontak *Wêrelddag van Gebed* by e-pos: info@globaldayofprayer.com

Sondag 17 Mei 2009

Memoriseer
Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (**Rom.5:8**).

Identiteit: Geskep om gevind te word ... God soek na ... JOU
*Ek het iemand tussen hulle **gesoek** wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie* (**Eseg.22:30**).

Kyk rondom jou: Daar kan so baie oor hierdie vers gesê word. Een ding is seker: op die oomblik is daar meer mense wat mure vernietig, verdeeldheid bewerkstellig en wegskram om verantwoordelikheid vir enigiets te aanvaar. God is egter die hele tyd besig om mans en vroue te soek wat ter wille van die land tot Hom sal roep. Is jy deel van die skare wat teen die land uitroep – selfs Suid-Afrika – of neem jy jou posisie in die geestesryk voor die troon van genade in? Roep jy téén die Kerk uit of roep jy tót God namens die Kerk? Beskuldig en veroordeel jy die Kerk? Roep jy uit téén jou huwelik, gesin, baas ensovoorts of roep jy tót God namens hulle? Werk jy saam met die duiwel teen mense: met beskuldiging en veroordeling? Of doen jy voorbidding en vra vir God se genade en ontferming?

Kyk na binne: Waar bevind jy jouself in hierdie prentjie? Is jy deel van die skare wat beskuldig en veroordeel of een van die mans en vroue wat deur God vertrou kan word om in die bres te gaan staan en die muur op te bou? Waar wil jy wees? Is jy bereid om die eerste tree te gee?

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek met my woorde en emosies by die skares aansluit wat gekant is teen U planne en bedoelings vir ons land. Verander my hart en gemoed. Verander my in 'n man/vrou na U eie hart. Leer my om die muur te bou en om vir Suid-Afrika in die bres te staan. Gee my Christus se gedagtes en Sy deernis om vir die nasie in te tree.

Maandag 18 Mei 2009
Gebedsfokus op redding: Padwerkers
Talle padbouprojekte vind tans regdeur die land plaas. Honderde mans werk lang ure om hierdie projekte te voltooi en is vir weke lank weg van die huis. Bid asseblief vir hulle lewensomstandighede wanneer hulle kontrakwerk doen. Vra dat Christenpadwerkers lewens van integriteit sal lei, hulle van seksuele immoraliteit en dwelm- en alkoholmisbruik sal weerhou, en so 'n voorbeeld vir ander sal stel. Bid vir hulle vir guns wanneer hulle die evangelie met ander deel.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Bid vir die groeiende 24-7 gebedsbeweging in Indonesië, die Filippyne en die eilande van die Stille Oseaan. Mense sluit in groot getalle by hierdie gebedswake aan en roep saam tot God vir deurbrake vir die evangelie in hulle nasies. Bid dat God hierdie gebedswake, die wagters wat daar bid en hulle wat verantwoordelikheid neem om die gebedswake aan die gang te hou, sal versterk en hulle gebede sal beantwoord.

Dinsdag 19 Mei 2009
Gebedsfokus op gesondheid: Nuwe entstowwe vir SA kinders
Suid-Afrika gaan binnekort twee nuwe entstowwe, gekonjungeerde *pneumococcus* en *rotavirus*, by die land se immuniseringsprogram voeg. Dit het ten doel om die sterftesyfer van kinders onder die ouderdom van vyf te verlaag. Volgens berigte is *pneumococcus* verantwoordelik vir die meeste gevalle van longontsteking en veroorsaak gemiddeld 1,8 miljoen sterftes by kinders onder vyf in hoofsaaklik ontwikkelende en arm lande. Die gekonjungeerde *pneumococcus*-entstof beskerm kinders teen siektes soos longontsteking, breinvliesontsteking ensovoorts. Na raming sal die invoering van hierdie entstowwe ongeveer 14 kinderlewens

per dag red, of meer as 4 700 lewens per jaar. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/health/vaccine-120908.htm). Dank God vir deurbrake soos hierdie. Bid asseblief dat talle kinders se lewens in die proses gered sal word.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Die *International House of Prayer* in Kansas City lei op 'n gereelde basis in verskillende programme, honderde jongmense op om 'n leefstyl van gebed en vas aan te kweek. Bid vir hierdie jongmense terwyl hulle hulleself voorberei om die wêreld in te gaan om die evangelie te gaan verkondig en om 'n gebedsleefstyl aan ander te gaan leer. Vra dat veral jongmense op hierdie wyse geïnspireer sal word om lewens te lei wat aan Jesus toegewy is.

Woensdag 20 Mei 2009
Deurbraak: Uitreik na polisiestasies
'n Pastoor berig oor 'n besoek aan 'n polisiestasie in Mitchell's Plein: *"Verlede jaar het 'n groepie van vyf van ons die plaaslike polisiestasie in Mitchell's Plain besoek. Ons het daar bedien en ons daartoe verbind om binne die grense van die reg te leef, en om wetsgehoorsame burgers te wees wat ons nie in misdaad begewe nie, en het ons hulp aangebied."* Dank die Here vir getuienisse soos hierdie. Bid dat baie meer gemeentes hulle plaaslike polisiestasies sal besoek, dat hulle getrou vir die polisiemanne en -vroue sal bid en hulle selfs sal verbind tot gereelde gebedstye by die polisiestasies self.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed
Dra die organiseerders van die *Wêrelddag van Gebed* in elke nasie in gebed aan die Here op. Bid vir hulle beskerming, voorsiening en guns by mense oor die volgende *10 Dae* terwyl hulle alles finaliseer vir die *Wêrelddag van Gebed* op 31 Mei 2009. Vra vir guns by die Here sodat elkeen van die ongeveer 220 lande van die wêreld sal registreer vir die aanbied van 'n gebedsgeleentheid op hierdie dag.

Donderdag 21 Mei 2009
***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 1**
Herleef: *Onse Vader wat in die hemel is...*

- Dat God sy Kerk sal laat herleef en as een familie herenig.
- Dat afvallige Christene hulle sal bekeer en na God die Vader sal terugkeer, en leer om Hom te gehoorsaam en te vertrou.
- Vir vars gebedsbewegings wat die genadetroon sal vasgryp.

"As My volk..." (**2 Kronieke 7:14**).
Berei voor om God as sy volk te ontmoet: Gee jouself aan God as geliefde dienskneg, vrygekoop deur Jesus se bloed. Antwoord op Sy roepstem om Hom saam met ander te dien. Bid dat baie mense uit baie volkere as gesinne en kerke eendragtig voor God sal staan.

Vrydag 22 Mei 2009
***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 2**
Openbaar: *...laat U Naam geheilig word...*

- Dat die waarheid oor God se karakter verhef en vereer sal word.
- Dat God Homself sal onderskei van valse gode en elke valsheid sal ontbloot.
- Dat die woord van God aan elke volk en in elke plek in die hele wêreld verkondig sal word.
- Dat die Woord in elke taal vertaal en beskikbaar gemaak sal word.

"...oor wie My Naam uitgeroep is..." (**2 Kronieke 7:14**).
Berei voor om vir Sy eer te leef: Bely dinge wat oneer aan God se naam gebring het. Lê alle jaloerse en selfsugtige ambisies af. Verlang opnuut na Sy Heerlikheid in alle lande.

Saterdag 23 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 3**

Heers: *...Laat U Koninkryk kom...*

- Dat baie deur die krag van die evangelie gedring sal word om hulle lewens aan Christus oor te gee, om Hom lief te hê en as Koning te volg.
- Dat Christus se volgelinge in die volheid van die Gees van God sal wandel sodat hulle die beeld van Christus kan uitleef.
- Dat die Heerskappy van Christus in elke uithoek van ons stede en gemeenskappe gevestig sal word.

"...hulle verootmoedig..." (**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om God in gebrokenheid te ontmoet: Nooi God uit om ons verharde harte te versag. Erken jou eie gebrokenheid. Bewonder die uitnemendheid van Jesus met hernude verwondering en oorweldiging. Praktiseer nederigheid deur ander te vereer.

Sondag 24 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 4**

Verander: *...laat U wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde...*

- Dat Christene Christus se invloed en seën in elke enkele aspek van besigheid, kunste, opvoeding en regering sal indra, sodat daar blywende verandering kom.
- Dat ons regeringsleiers Goddelike wysheid sal beoefen sodat geregtigheid en reg kan toeneem.
- Dat die Heilige Gees die geregtigheid, vrede en vreugde van Christus se koninkryk 'n werklikheid sal maak.

"...en bid..." (**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om verder as jouself te bid: Stort jou hart voor God uit. Dank Hom vir wat Hy reeds gedoen het. Neem die las van andere op en laat toe dat jou hart geroer word deur die ontsettende nood van jou gemeenskap en land.

ARTIKEL: WAT OP AARDE IS AAN DIE GANG?

Peter Tarantal, Nasionale Koördineerder vir World Evangelisation Network of South Africa (WENSA)

Gedurende die afgelope honderd jaar het daar dramatiese veranderings gekom in die *Global South* – 'n sendingterm vir die mins ontwikkelde kontinente: Latyns-Amerika, Afrika en Asië. Ons het gesien hoe die Christendom teen ongekende snelheid in hierdie gebiede groei. In 1900 was daar bv. 'n gemelde 8 miljoen Christene op die kontinent van Afrika: vandag is daar 'n geraamde 450 miljoen. Hierdie veranderinge het enorme potensiële gevolge vir die vooruitgang van die koninkryk in die *Global South,* waar die meerderheid van die wêreld se onbereikte volkere aangetref word. Een van die uitdagings is om die uitstuur van sendelinge aan te moedig om tred te hou met die dramatiese groei van die Christendom in hierdie gebiede.

Nuwe kreatiewe benaderings tot sending het in hierdie gebiede ontstaan soos bv. die model van *Proximate Missions,* waar die Kerk in 'n streek die inisiatief neem om uit te reik na mense met 'n soortgelyke etnies-linguistiese en ekonomiese agtergrond.

Daar is ongeveer 2 miljoen Fillipyne in die Arabiese Skiereiland, baie van hulle Gelowiges. Hierdie broers en susters het opleiding nodig, maar is selfonderhoudend omdat hulle 'n inkomste verdien in die lande waar hulle woon en werk. Nuwe inisiatiewe in sending soos 'Besigheid as Sending' en 'Kuns in Sending' gekoppel met Sport is bv. nog kreatiewe maniere om soveel meer mense met die evangelie te bereik.

Daar is egter nog 'n klompie uitdagings wat op ons wag. Die geweldige uitdaging van 27% van die wêreld wat nog onbereik is, bly 'n realiteit wat ons telkens konfronteer. Ongelukkig gaan net 1% van die Kerk se totale inkomste na sending in daardie deel van die wêreld en dieselfde kan gesê word van werkers wat na die sendingveld gaan.

Nog 'n uitdaging vir ons het te maak met die uniekheid van Christus. Ons leef in 'n toenemend relativistiese wêreld wat van ons verwag om meer verdraagsaam en aanvaardend te wees. Een van die grootste uitdagings vir die Kerk van Jesus Christus is die herevangelisering van die Weste. Europa beskou hulleself alreeds as Post-Christelik. Gevolglik het ons nou die situasie waar kerke van Latyns-Amerika, Afrika en Asië begin om werkers na Europa te stuur. Die grootste gemeente in Europa word gelei deur 'n man uit Afrika. Ons staan ook voor die uitdaging om mense effektief te dissipel en om leiers op te lei veral in die *Global South* waar die Kerk teen 'n fenomenale pas groei.

Ek is nie seker of ons ten volle begryp wat die impak van die wêreldwye resessie op sending is nie. Ek weet van 'n aantal sendelinge wie se ondersteuning nadelig beïnvloed is as gevolg hiervan. Ons sal dus aan nuwe maniere moet dink om die sending te befonds. In hierdie verband is die nuwe erkenning van die waarde van werkpleksending of markpleinsending 'n groot bemoediging.

Te midde van groot uitdagings kan ons waarlik sien dat God besig is met "nuwe en groter dinge".

Maandag 25 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 5**

Voorsien: *...Gee ons vandag ons daaglikse brood....*

- Vir die basiese behoeftes van kos, water en gesondheidsorg vir die armes, die siekes, vlugtelinge en kinders.
- Dat Christene, met behulp van die Heilige Gees, instrumente van genesing en verandering sal wees, wat die oorvloed, geregtigheid en vrede wat God begeer, sal voortbring.
- Dat Christene die houvas van armoede op hulle gemeenskappe sal breek, en so God se belofte van seën op alle mense, vervul.
- Dat Christene sonder moedeloosheid en met ontferming sal werk om siektes uit te roei en diensbaar te wees onder die aanslag van MIV/VIGS.

"...en My aangesig soek..."(**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om God se aangesig te soek: Laat jou hart se begeertes op meer as jou eie behoeftes fokus. Soek God om Hom te ken en deur Hom geken te word. Wees stil voor Hom. Praat vrymoedig met Hom en luister met aandag, asof van aangesig-tot-aangesig met Jesus.

Dinsdag 26 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 6**

Vergewe: *..Vergewe ons ons sondes...*

- Dat die Gees van God manne en vroue se harte sal aanraak sodat hulle God se hartseer oor die vernietigswerk van sonde sal kan raaksien.
- Dat die Heilige Gees mense sal bekragtig om met sondige praktyke te breek en dat hulle genade sal vind om bande met die magte van die duisternis te verbreek.
- Dat die sonde wat oorlog, armoede en onreg bring erken en bely sal word.

"...en terugdraai van hulle verkeerde weë..." (**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om terug te draai: Soek meer as net woordelikse belydenis. Vra eerder vir God om jou te bekragtig om van elke greintjie boosheid weg te draai en om elke optrede wat iemand kan seermaak stop te sit. Laat toe dat God jou hart vervul met hoop dat Hy blywende verandering in jou gemeenskap en verhoudinge bring.

Woensdag 27 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 7**

Versoen: *...soos ons dié vergewe wat teen ons sondig...*

- Dat die siklusse van veragting, wraak en rassisme verbreek sal word sodat verhoudings kan herstel.
- Dat die versoeningskrag van Christus te midde van militêre konflik gedemonstreer sal word, en God se begeerte vir die einde van alle oorloë openbaar sal word.
- Dat verhoudings tussen mans en vrouens sal herstel, vir versoening in huwelike en dat kinders se verhoudings met ouers vernuwe sal word.
- Dat diegene wat vervolg word vir Christus se ontwil, deur die genade van die Heilige Gees die lyding sal verduur.

"...dan sal Ek uit die hemel hoor, hulle sonde vergewe..." (**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om te bely: Ontbloot jou hart en lewe voor Christus. Erken jou sonde voor 'n geopende hemel. Bely jou foute as jy ander seergemaak het. Vra God om jou, en andere, te bevry van die las van sondeskuld en die mag van sonde.

Donderdag 28 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 8**

Lei: *...En lei ons nie in die versoeking nie...*

- Dat Christene gevul sal word met soveel liefde en ywer om God te behaag, dat hulle onaangeraak sal wees deur die versoekinge van materialisme en seksuele losbandigheid.
- Dat Christene voortdurend in die lig van God se wysheid sal wandel sodat hulle Sy bedoelinge oral sal uitleef.
- Dat Christus die leiers in die sakewêreld, opvoeding en regeringskringe so sal lei dat die vloek van korrupsie dwarsoor stede en gemeenskappe verbreek sal word.

"...en hulle land genees...." (**2 Kronieke 7:14**).

Berei voor om verander te word: Verwag dat God groot verandering in jou gemeenskap en land teweeg sal bring; sommige dalk stadig en ander ewe skielik. Begin weer hoop dat die aarde herstel sal word, en dat siek gemeenskappe opgelig sal word en verhoudinge sal genees.

Vrydag 29 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 9**

Oorwin: *...maar verlos ons van die bose...*

- Dat God Sataniese magte sal terughou, dat die waarheid van die Evangelie bekend sal word sodat baie bevry kan word en Christus sal volg.
- Dat mense bevry sal word van afgodsdiens, toordery, demoniese onderdrukking en depressie.
- Dat Christus die magte van duisternis, wat besighede, regerings en stede oorheers en vernietig, sal verbreek.

"...Nou sal My oë oop wees en My ore luister..."(**2 Kronieke 7:15**.

Berei voor om God in die oog te kyk: Maak jou hart oop in verwagting tot God. Laat toe dat jou hart oorweldig word deur die wete dat Hy na elke woord luister, jou met liefde bejeën en aan ons lewe gee.

Saterdag 30 Mei 2009

***10 Dae* van dag en nag gebed: Dag 10**

Verheerlik: *...want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, vir ewig en altyd. Amen.*

- Dat die tekens van Christus se koninkryk die aarde so sal vul, dat baie mense met die hoop van sy wederkoms gevul sal word.
- Dat die krag van Christus gedemonstreer sal word in die nederigheid en barmhartige diensbaarheid van Christene.
- Dat Christus, wêreldwyd openlik vereer en uitbundig verheerlik sal word.

"...So het Ek dan nou hierdie huis verkies en geheilig, dat my Naam daar kan wees tot in ewigheid, en my oë en my hart sal altyd daar wees." (**2 Kronieke 7:16**.

Berei voor om onsself as Sy woonplek toe te wy: Verwelkom die Heilige Gees om jou, jou familie en vriende te vervul. Nooi Christus uit om Sy woonplek onder mense te vestig, sodat die oorvloedige liefde uit Sy hart na ons toe kan oorvloei, en Sy heerlikheid oor die hele aarde kan versprei.

Sondag 31 Mei 2009

Pinkstersondag: *Wêrelddag van Gebed*

Christene in feitlik al 220 lande van die wêreld sal vandag verenig in 'n dag van berou en gebed. As Kerk sal ons bid vir die vergifnis van ons sondes, vir ons lande, vir die genesing van die nasies en vir die transformasie van gemeenskappe en nasies in die hele wêreld. Ons sal bid vir 'n uitstorting van die Heilige Gees in die Kerk soos in die boek Handelinge. **Handelinge 4:31** beskryf hoe God die plek geskud het en die mense met die Heilige Gees vervul het, nadat daar gebid is. Deur die eeue het God keer op keer sy Gees op duisende plekke oral in die wêreld uitgestort. Laat ons dan vandag tot God roep om weer eens Christene op tienduisende plekke in die wêreld te besoek waar hulle vandag bymekaar sal kom. Kom ons bid met geloof en onverskrokkenheid (**Hand.1:8**), vir tekens en wonders en vir genesings en kragtige dade om met die manifestasies van die gawes van die Heilige Gees gepaard te gaan (**Hand.4:32; Heb.2:4**).

'n Gebed vir die Wêreld: 'n Spesiale gebed wat in eensgesindheid by elke byeenkoms van die *Wêrelddag van Gebed* gelees sal word, is geskryf en in baie tale vertaal. 'n Aantal van hierdie vertalings is beskikbaar by www.globaldayofprayer.com of www.transformationafrica.com

Praktiese wenke om vandag in gebed deur te bring

- **Bid in jou plaaslike gemeente op Pinkstersondag:** Bestee gedeeltes van julle oggenddiens op Pinkstersondag aan verenigde gebed. Vermeld die feit dat miljoene mense regoor die wêreld bymekaar kom om te bid vir verheerliking van Christus en die transformasie van al die nasies. Lees die *Gebed van die Wêreld* hardop saam as 'n gemeente. Getuig oor hoe mense gedurende die afgelope *10 Dae* gebid het. Dink daaraan om gesamentlike dienste met ander nabygeleë gemeentes te hou.
- **Kom bymekaar in huise of openbare plekke:** Christene regoor die wêreld beplan om die middag en aand van Pinkster in hulle huise, by stadions, openbare ouditoriums en oop pleine bymekaar te kom. Party byeenkomste sal klein wees, ander groot, maar almal sal met dieselfde hart en visie van berou en hoop bid. Soos by die eerste Pinkster – toe die seën van Christus in die strate en openbare plekke sigbaar geword het – sal ons God openlik in die Naam van Christus aanbid en bid vir die genesing en seën van die nasies. Ons beoog om op soveel moontlik plekke buite die mure van ons kerkgeboue bymekaar te kom.
- **Beplan vooruit vir 2010:** Vir bygewerkte inligting, besoek webruimte: www.globaldayofprayer.com vir aankondigings oor gebeure wat vir die *Wêrelddag van Gebed* op Pinkstersondag, 23 Mei 2010, beplan word.

Gebedstorie: *Global Prayer Watch* in Kaapstad

Hoe het julle gebedswag begin?

Ons het in Mei 2000 begin om voor te berei om op 1 September 2000 met die gebedswag te begin. Dit was 'n spesiale dag toe John Mulindi en ander gekom het om die huis van gebed aan die Here toe te wy. Hierna het ons begin om mense vanuit die omliggende gemeentes te nooi om in die gebedskamer te kom bid. Na een jaar het ons besef dat 24-7 gebed meer suksesvol sal wees as ons voltydse mense kan hê wat gedurende die nagtelike ure kan bid. In 2004 het ons 'n Dissipelskap Opleidingskool met 7 studente begin wat ons *Face-2-Face* genoem het. Eers in Februarie 2006 het ons 'n groot genoeg, toegewyde groep gehad om met 24-7 gebed te begin. Vandag het ons voltydse sowel as deeltydse mense wat op gereelde ure ons gebedskamer beman. Daar was baie op en af tye. Ons het foute gemaak maar het deur die genade van die Here baie daardeur geleer. Daar was meer opdraandes as wat ons sou wou hê, maar die Here het ons deur almal gehelp.

Watter wenke kan jy aan ander gee wat 'n gebedswag wil begin?
Begin stadig en moenie ophou nie. Sommige tye deur die jaar gaan dit makliker. Gedurende die vakansietye sal jy dalk sukkel om al die ure gevul te kry. Moenie mismoedig raak nie en onthou om nie op te hou as jy 'n paar ure gemis het nie. Ons is almal mense, maar God gebruik mense as Sy kosbare bron om voor Hom te staan. Vra die Here om 'n voltydse persoon te stuur net om die gebedsrooster te koördineer. Dit is een van die belangrikste aspekte vir volgehoue 24-7 gebed. 'n Ander belangrike aspek is om 'n toegewyde persoon te hê wat die tema in die gebedskamer ten minste elke 2 maande kan verander. Dit is wonderlik as nuwe gebedsonderwerpe daagliks teen die muur in die gebedskamer opgeplak en die oues afgehaal kan word. Doen spesiaal moeite om al die bidders ten minste een maal per maand in jul gebedshuis bymekaar te kry om saam te aanbid, vir mekaar te bid, terugvoer te gee en mekaar aan te moedig oor dit wat die Here in die gebedswag sê. Hou 'n gebedsjoernaal wat na elke sessie in die gebedskamer bygehou word om jou te help onthou wat God vir julle as 'n groep sê.

Waarvoor moet 'n mens versigtig wees?
Sterk intersessors is nie noodwendig goed met administrasie en organisasie nie. Moenie dat die bidders wat 'n gawe het om die administrasie te doen en te organiseer skuldig voel omdat hulle nie dieselfde aantal ure as ander in die gebedskamer kan deurbring nie. Gee vir die bidders wat deur die nag diens doen gereeld 'n breek deur hulle nagure ten minste een keer per maand te verander. As hulle altyd in dieselfde sessies bid, veral dié tussen 1-5 vm, raak hulle dag en nag oriëntasie deurmekaar. Soms sal jy vind dat daar bidders is wat langer kan aanhou. Moedig hulle aan om gereeld deur die loop van die dag 'n slapie in te kry. Moet ook nooit fokus op wat in ander gebedshuise gebeur en julle gebedshuis met hulle vergelyk nie. God is op 'n unieke manier in elke huis van gebed aan die werk en die geestelike weerstand is verskillend in verskillende gebiede. Onthou, mense kom en gaan gereeld. Moenie mismoedig of veroordeel voel as party weggaan nie! Dit is God wat die huis bou, nie ons nie.

Watter opleiding gee julle vir mense wat belang stel om 'n gebedshuis of gebedskamer te begin?
Eenmaal per jaar het ons 'n week-lange opleidingsgeleentheid wat ons die *Watchmen School of Prayer* noem. Dan nooi ons al die gebedshuise/-kamers wat al reeds aan die gang is asook mense wat belangstel om 'n gebedswag of gebedskamer in Suid-Afrika en in ander lande in Afrika te begin om by ons aan te sluit vir 'n tyd van motivering, gebed, terugvoer, toerusting en lering. Ons het ook 'n naweek opleidingsprogram vir klein groepe uit 'n gemeente, stad of dorp wat graag so 'n gebedswag/-kamer wil begin. Hulle bring tyd in ons gebedskamer deur, kyk wat ons doen en kry die geleentheid om vrae te vra en op 'n praktiese manier by ons opset te leer.

Sien julle enige vrug op julle gebede?
Ons ervaar dikwels dat God met ons in die gebedshuis praat en dan hoor ons dat dieselfde, of 'n soortgelyke boodskap, die volgende Sondag in verskillende gemeentes in die stad gepreek is waar ons bidders die diens bygewoon het. Ons het genesings en bevrydings ervaar. Ons het tye van groot weerstand beleef, maar ook gesien hoe God op die mees onverwagte maniere mense uit verskillende nasies na ons klein gebedskamer stuur. Dikwels kom mense aan die deur klop om te hoor wat daar aangaan. Hierdie was geleenthede om die evangelie te deel en om vir siekes en mense met ernstige persoonlike probleme te bid.

Kontakbesonderhede
Daniël Brink by *Global Prayer Watch* ('n gebedsinisiatief van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk)*, tel.: 021 919 7988, sel: 083 321 6909, e-pos: watch@jwipn.com

---

Maandag 1 Junie 2009
***Wêreldbiddag*: Danksegging vir God se goedheid**
Dank die Here dat Hy gister miljoene Christene regoor die wêreld bymekaargebring het om vir hulle lande, die Kerk en die ongereddes te bid. Verheerlik Sy Naam omdat Hy die lewens van miljoene aangeraak en barmhartigheid aan hulle bewys het. Dank Hom vir elke gebed wat Hy verhoor het. Laat ons saam met elke skepsel in die hemel, op die aarde, onder die aarde en in die see tot God roep en sê: *"Aan Hom wat op die*

troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (**Op.5:13**).

***90 Dae van Seën* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 1**
Bid die seën: *Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word." So het dit gebeur. God het die droë grond "aarde" genoem, en die waters wat bymekaar gekom het, het Hy "see" genoem. En God het gesien dit is goed. Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit." So het dit gebeur. Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed* (**Gen.1:9-12**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – die Skepper van die hemel en die aarde en van alle geskape dinge is. Ek glo dat Hy met die mag van Sy hande alles in stand hou (**Hand.17:24; Heb.1:3**).
Bid te voet: Bid by die vuilste plek in jou gemeenskap of stad, byvoorbeeld die vullishoop, en toon jou besorgdheid oor die skepping deur die vullis in jou eie straat op te tel.

BLY INGELIG
Jy kan op die weeklikse ***Global Prayer Alert*** inteken wat bygewerkte en relevante inligting oor gebed verskaf wat deur gebedsgroepe, jeuggroepe en so meer gebruik kan word en in julle gebeds- of gemeenteblaadjie gekopieer en versprei kan word. Stuur bloot 'n e-pos aan watch@jwipn.com, en meld of jy dit in Afrikaans of Engels verlang.

Gebedsfokus op gesondheid: Suid-Afrika se kinders in gevaar
'n Gesondheidstudie het getoon dat indien daar aan die kinders van Suid-Afrika op grond van hulle algemene gesondheid punte toegeken sou word, hulle 'n powere C-minus (60-65 persent) sou behaal. Volgens die *Healthy Active Kids Report Card*, loop Suid-Afrikaanse kinders toenemend die gevaar om later in hulle lewens chroniese siektes te ontwikkel. Die vier vernaamste faktore wat hiertoe bydra, is die gebruik van tabak, 'n swak dieet, die gebrek aan fisiese aktiwiteit en oorgewig – almal aspekte waarin hulle as "gemiddeld" of "onder gemiddeld" beoordeel is. (Webruimte: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?art_id=iol1221203006571S232&newslett=1). Bid dat die kinders se toestand in minstens hierdie vier areas sal verbeter. Vra dat die ouers in staat sal wees om beter na hulle kinders se basiese fisiese behoeftes om te sien.

Dinsdag 2 Junie 2009
***90 Dae van Seën* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 2**
Bid die seën: *God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip"* (**Gen.1:27-28**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God die mens na Sy beeld gemaak het om oor die hele aarde te heers (**Gen.1:26**).
Bid te voet: Bid vir die pasgebore babas by die neonatale eenheid van jou plaaslike hospitaal.

Gebedsfokus op die Woord: Oudio-Bybel op sonkrag
In 2005 het *MegaVoice* die eerste oudio-Bybel bekendgestel wat met sonkrag werk. Dit bevat 'n kragtige ingeboude luidspreker en 'n koppelingspunt vir 'n oorfoon. Hierdie *MegaVoice* oudio-eenheid oorkom baie kulturele, tegnologiese en taalprobleme wat nie met die gedrukte Woord oorbrug kan word nie omdat baie mense nie kan lees nie. In vennootskap met talle uitreik-organisasies het *MegaVoice* meer as 100 000 "Ambassador" oudiospelers aan mensegroepe in meer as 100 lande versprei. *MegaVoice* se verspreidingsvennote berig dat een so 'n speler in die loop van 'n jaar met minstens 500 mense gedeel word. Dit beteken dat miljoene mense reeds die Woord van God vir die eerste keer gehoor het. (Webruimte: http://www.megavoice.com/press/PressReleaseJune2008.pdf). Dank die Here dat Hy ons gebede deur die

jare beantwoord het! Bid vir fondse dat die spelers in groot hoeveelhede aangekoop en versprei kan word aangesien 'n speler ongeveer R500 kos.

Woensdag 3 Junie 2009

***90 Dae van Seën* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 3**

Bid die seën: *Sy [Jesus se] antwoord aan die boodskappers was: "Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie"* (**Luk.7:22-23**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus nie vir enigiemand partydig is nie en dat Hy alle mense as gelyk voor Hom beskou, ongeag ras, status of sosiale posisie (**Jak.2:1-8**).

Bid te voet: Bid vir die uitgeworpenes in jou gemeenskap, byvoorbeeld in plakkerskampe, vir die veragtes, diegene in vlugtelingskampe, en toon God se liefde aan hulle op praktiese maniere.

Gebedsfokus op gesondheid: Kliniek by *Emmanuel Christian Training Centre (ECTC)*

'n Klein kliniek by die *ECTC* in Suid-Soedan behandel gemiddeld 20 mense per dag. Daar is baie mense in die gebied wat steeds as onbereik beskou word, en die personeel is opgewonde oor elke geleentheid om die evangelie met ander te deel. Dit word gereeld en op 'n gestruktureerde wyse gedoen. Dank die Here vir die feit dat die kliniek by die *ECTC* getrou mense kan behandel wat teen herhaalde aanvalle van malaria moet veg. Bid vir die nodige personeel en fondse. (*Geopende Deure*. Tel.: 011 888 9341, faks: 011 888 9362. Webruimte: www.opendoors.org.za of e-pos: southafrica@od.org).

Donderdag 4 Junie 2009

***90 Dae van Seën* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 4**

Bid die seën: *Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom* (**Jes.53:2-5**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus vandag siekes gesond maak deur die krag van die Heilige Gees (**Matt.10:8; Jak.5:14**).

Bid te voet: Besoek 'n hospitaal en bid vir die siekes met die geloof dat God hulle gesond kan maak.

Gebedsfokus op armoede: Vroue ly die meeste in 'n voedselkrisis

Stygende voedsel- en brandstofpryse het tot gevolg dat 130 miljoen arm mense verder in armoede verval. As kinders honger is, gaan vra hulle kos by hulle ma, gewoonlik nie vir hulle pa nie. As daar min kos is, is dit die vroue wat eerste minder eet. Baie mense in Burkina Faso bestee 75% of meer van hulle inkomste aan kos, en swanger vroue en jong moeders verbeur mediese sorg ter wille van finansies terwyl ander hulle tot prostitusie wend om kos te kan koop. (Webruimte: http://www.upi.com/Top_News/2008/07/20/Report_Women_suffer_most_in_food_crisis/UPI-75681216566414/). Bid vir die haglike posisie van arm vroue vandag. Vra dat God op bonatuurlike wyse in hulle daaglikse behoeftes sal voorsien. Bid dat baie tot die enigste, ware God sal roep en hulle tot Hom sal bekeer wanneer Hy op hulle geroep antwoord. Moet nooit vergeet om God te dank dat jy kos op die tafel het nie.

Vrydag 5 Junie 2009

***90 Dae van Seën* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 5**

Bid die seën: *"As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al Sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk. Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld. Jou nageslag sal geseën wees, en die opbrengs van jou lande en die aanteel van jou*

diere, jou kalweroes en jou lammeroes. Jou oesmandjie en jou knieskottel sal geseën wees. Jy sal geseën wees waar jy ook gaan" (**Deut.28:1-6**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat al die gesag in hemel en op aarde aan Jesus Christus gegee is en dat daar geen einde aan Sy heerskappy sal wees nie (**Matt.28:18; Jes.9:7**).
Bid te voet: Bid by die hoogste gesag in jou stad of land, byvoorbeeld die parlement, paleis, hoër hof of die president se kantoor; indien dit naby jou woonplek geleë is.

Gebedsfokus op hongersnood: Voedseltekorte in Noord-Korea
Mense in Noord-Korea se landelike gebiede sterf as gevolg van voedseltekorte, en dis net 'n kwessie van tyd voordat 'n ontsaglike hongersnood gaan uitbreek. Die voedselsituasie is net so ernstig soos die hongersnood wat die land in die middel van die 1990's getref het, waarin meer as twee miljoen mense omgekom het. Hierdie jaar is die voedselprobleem vererger deurdat die oeste verlede jaar deur die verwoestende oorstromings ernstig beskadig is. Na raming ondervind 6,5 miljoen mense 'n voedseltekort, en dié getal kan styg as die tekorte nie aangevul word nie. (Webruimte: http://www.cnn.com/2008/WORLD/asiapcf/05/09/nkorea.famine.ap/). Noord-Korea ly nie net onder 'n fisiese hongersnood nie, maar nog meer onder 'n geestelike nood. Roep tot God vir oop deure vir die evangelie, veral vir die uitreik deur die inheemse Kerk in Suid-Korea. Bid ook dat God op 'n bonatuurlike manier sal ingryp en in die fisiese en geestelike behoeftes van Noord-Korea sal voorsien.